



**CACHET
APTEEK**

U Plus Apteeke
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te
dien, klein genoeg om
u te ken

die WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.



PUKKE!
Vir u kleuraadjes
en
sportbenodigdhede:
**Johan
Claassen
Broers**

JAARGANG XXXVII

NOMMER 15

15 AUGUSTUS 1980

Verkiesing om die draai


Die verkiesing van Studenteraadslede, Raadsvoorsitters en ander raadsbestuurslede vind op Donderdag 21 Augustus vanaf 07h00 tot 19h30 plaas in die Groot Sitkamer van die Studentesentrum.

Stemreglyste sal op Maandag 18 Augustus op die nuwe hoofkenningsgewingborde by die suidelike ingang van die studentesentrum aangebring word. Om stemreg te hê moet studente aan die stemregvereistes van die koshuis voldoen. Andersins sal hy stemreg verkry as hy aktief aan die aktiwiteite van 'n ander raad se onderliggende deelgeneem het. Studente behoort seker te maak dat sodanige liggame wel stemreg vir hulle na die SSR deurstuur.

Die stemprosedure is dieselfde as verlede jaar. Studente moet die kandidate van hulle keuse volgens prioriteit aandui.

Die tel van stemme word gedoen met behulp van die rekenaar. Daar word gehoop om die uitslae na die "Groot Brag" beskikbaar te hê.

Die aand van die twintigste is daar om 16h30 "Sing-Songs" met die oog op Intervarsity. Die Groot sweet begin om 19h30 in die Totiusaal. Dit is 'n wysiging op die vorige reëling dat dit in die Amfiteater gehou sou word. Studente wat stemreg het, maar wie se naam nie op die stemreglys verskyn nie, moet met Fanie Haasbroek en/of Stephan Pretorius by die SSR-kantore in verbinding tree.



Mnr. Piet Joubert, addisionele lid op die huidige dagbestuur van die SSR. Hy is ook genomineer vir voorsitter.



Mnr. Jan-Louis du Plooy, SSR-voorsitter van die huidige termyn. Hy is weer genomineer vir voorsitter.

Nuwe SSR-voorsitter: Jan-Louis of Piet?

Mnr Jan-Louis du Plooy

wat reeds een jaar termyn as SR-voorsitter dien, sê ten opsigte van politiek op die kampus dat alhoewel dit in belang van S.A. is dat gesprek voortgaan, hy dit graag uit die hande van die SSR wil hê. Hy sou graag wou sien dat politieke gesprek meer op persoonlike vlak geskied. Dit is die enigste wyse waarop die huidige polarisasie suksesvol uitgeskakel word, nl. deur dit uit die hande van gesagsliggame te hou. Aan die ander kant word onbetrokkenheid en die hand gewerk as omstrede standpunte heeltemal vermy word deur die SSR.

Dit is volgens hom die SR se rol om studente aktief betrokke te maak, en die enigste manier waarop dit gedoen kan word, is om die massa direk te konfronteer.

Tog moet die SSR hom daarvan weerhou om enige politieke uitsprake namens die massa te maak. "Ten opsigte van die ASB skaar ek my ten volle by sy grondwet. As politiek egter verteenwoordigend gepraat moet word sal die wyse van afvaardiging gewysig moet word - presies hoe, weet ek nog nie."

"Die verwronge beeld van die PU kan slegs reggestel word op 'n vergadering waar die massa verteenwoordig is en sy stem kan laat geld. Die massa is in 'n groot mate self verantwoordelik as gevolg van onbetrokkenheid en gebrek aan inligting."

"Ek dink 'n studenteleier het genoeg geleentheid binne die studentegemeenskap om diens te lewer. Veral op nie-politieke vlak. Die studentelewe sit tans

met 'n oorwig aan administrasie asook 'n verenigingsoorwig wat baie tyd in beslag neem.

"My eerste doelstelling in die SR is om studenteleiers se hande los te maak ter wille van beplanning en intensiewe kontak met studente."

Op politieke vlak, dan wel in persoonlike hoedanigheid, wil ek, binne watter liggame ook al, poog om studente politiek aktief te kry, om 'n herevaluering te maak van geïkte standpunte.

"Die onstuimigheid in studentepolitiek maak alhoewel duidelik dat die SR as liggaam sy politieke aktiwiteite moet inkort om nie die res van die studentelewe te ontwrig nie. In die verlede was my standpunt nog altyd dat politiek nie die primêre rol speel nie. En in die toekoms sal daar 'n herevaluering gemaak moet word oor waar die SR politiek inpas, maar dit is belangrik dat watter uitweg ook al aangeneem word, leiers nie aan bande gelê mag word nie."

"Mys insiens bied Polstu belowende moontlikhede waarin studente sonder bevooroordeelheid geaktiveer kan word en wat positiewe vrugte kan lewer."

Mnr Piet Joubert het in 'n onderhoud met Die Wapad gesê dat die SSR nie primêr politiek moet bedryf nie. Die SSR se taak in dié opsig is slegs om te stimuleer en meningsvormend op te tree, en dan baie beslis by monde van die Politiese Raad. "Wanneer 'n studenteraadsvoorsitter egter met 'n politieke vraagstuk gekonfronteer word en slegs dan kan hy sy mening gee." Die SSR is ook bevoeg om mosies aan te neem oor studies-tukke ens.

Ten opsigte van betrokkenheid sê hy dat SSR-lede meer prakties toegespits moet wees op hulle portefeuljes soos wat dit reeds geval is met Opleiding. Hy is ook van mening dat daar weer soos in die verlede twee SSR-lede sal moet wees om die portefeulje Ontspanning te behartig.

Mnr. Joubert meen dat die verwronge PU-beeld slegs reggestel kan word "indien die SSR hom daarvan weerhou om uitsprake na buite te maak waarvan hy nie weet wat die massa se standpunt is nie. Daar moet veral ook beter beheer uitgeoefen word oor sport en kultuurtoere."

"Die PU moet sal deel aan die ASB bring, nie slegs as gevolg van die kultuuraspek daarvan nie, maar omdat dit die samekoms van die Afrikanerstudent is, en die Afrikanerstudent miskien in 'n groter krisis verkeer as wat hy besef."

Hy het hom uitgespreek teen Polstu omdat "SR-lede by die stigting daarvan hul posisies misbruik het en omdat dit toe juis as synde dit koh vertolk gewees het dat die PU-studenteraad

die brein daaragter was, en dit die universiteit se beeld oneidig skade berokken het."

"Hulle riglyne - hoe vaag ookal gestel, is ek seker, is nie die meerderheid se standpunt nie. Wat ek hulle wel toegee, is die waterde standpunte van die ASB, maar dit is myns insien nie genoeg rede om so iets te begin nie. By die Inligtingsvergadering is my meegedeel dat Polstu nie die gematigde organisasie is waarvan vroeër sprake was nie."

As gevolg van tegniese probleme kon die Verkiesingsbylae nie betyds gedruk word vir hierdie uitgawe nie.
Dit sal nou vroeg volgende week versprei word.

Rugby: PU vs POTE

Op Saterdag 16 Augustus speeldie PU-rugbyspanne weer teen Pote op Olenpark. Studente word gevra om die spanne te kom aanmoedig aangesien dit 'n goeie voorloop van die Intervarsity teen Kopsies sal wees. Daar sal weer

gratis busvervoer wees vanaf Sentrale eetsal en Oosterhof. Die busse sal vanaf 14h00 al toeskouers na die veld vervoer. Die geleentheid sal ook ideaal wees om die "sing-songs" solank in te oefen.

Groot Brag

Donderdag, 20 Augustus, is Groot Bragdag en volgens Mnr. Piet Joubert, word daar beplan om die hele dag in 'n karnavalgees te laat verloop. Stalletjies met versiersels en 'n bier-tuin sal reeds van vroeg die middag aan die gang

wees en om 18h00 is daar 'n massa-ete in die studentesentrum. Die verigtinge begin om 20h00 in die Totiusaal en duur tot ongeveer 21h30. Die uitslae van die SSR-verliesing sal na die groot Borg oorgehandig word.

Beeldende Kunste

Letterkunde

Musiek

Teater

Poësiewenners aangewys

deur Gerda Snyman

Johan Myburg is as die wenner van die Wapad se poësiekompetisie van 1980 aangewys met die gedigte Toonsetting en Ballade op 'n Fantasia van 'n Boom. Elke deelnemer kon vyf gedigte inskryf en al vyf gedigte van Johan Myburg was onder die eerste tien. Mnr. Myburg was ook die wenner van die Kuesta-poësiekompetisie van 1980.

Rudolph Willemsse het die tweede plek gekry met Val van Troje en Hipermark, en Christo Rabie die derde plek met Op spoelstrande.

Die beoordelaars was prof. T.T. Cloete en mnr. Jan Swanepoel. Die beoordelaars moes die tien beste gedigte uit meer as honderd inskrywings aanwys. Die beoordelaars se finale beslissing het in 'n groot mate ooreengestem.

Die drie wenners dring deur na die ASPU-poësiekompetisie. Die eerste prys in die kompetisie is R75, die tweede prys R50 en die derde prys R25.

Val van Troje Maart 1980

die hamerende sekel
kom aan
slaan spykers in
en sny die nat tabak

If you can't beat them
you must join them
snik Smith

ek wou 'n tak
van die Patriotic Front
op die kampus stig
maar die SR-troepe
wou dit nie:
Mugabe is 'n katoliek

en nou begin die sports
Smith bloei in sy khaki-shorts

afrikanerblommetjies
word vaal
studente hou karnaval
en drink hulleself
twee-twee
onder die tafels in

die nuwe era het begin

Rudolph Willemsse

Toonsetting

sonder enige benul van kontrapunt
komponeer vyftien mossies in die wind
(diskant gespalk
aan 'n telefoondraad notebalk:

ee ee ee
d cc c d c c)
b b

kwetterend musikaal
vir almal wat wil luister
'n madrigaal

Johan Myburg

Allegro e mosso

Ballade op 'n Fantasia van 'n Boom

o ek het 'n boom
'n blinkblaarboom
(geen afstamming
uit die stamboom
van die Heer Hendrik Boom)

o ek het 'n boom
'n blinkblaarboom-
onder teen die stem
roer klein bruin slakke
en voëls in die boonste takke

o ek het 'n boom
'n blinkblaarboom
op my brein
: die eerste simptome
van 'n blinkblaarboomsindroom

Johan Myburg

/Hipermark

soos die wind gesê het:
ek is lus vir verandering.
hier is almal
soos ingelegde vrugte
geblik en in rye
opeengestapel:
elkeen 'n eie motor,
elkeen 'n eie hoëtrousteel.
(die woord hoog kan dalk
op die strewe dui
en is hier dus onvanpas)
om voort te gaan:
(of liever om stil te staan)
elkeen het 'n eie prostituut
teen die muur:
klaarblyklik om tokse
skoon te maak
en drankbottels weg te gooi.
soos die voortrekkermonument
een aand vir my gesê het:
ek dink ek stagneer.

Rudolph Willemsse

op spoelsandstrande

vir vandag loop ek kaalvoet
oor spoelsand
ek dra 'n wit hemp
een met ankertjies op die skouers
'n regte matrooshemp
wat loshang oor my bruin heupe
ek loop met die wind in my hare
met die son in my oë
ek loop met hierdie dag
diep in my hart.

ek gaan sit op 'n ou skeepswrak
- die staan op die bedkassie van die hart
breek stukkie roes daarvan af
plons dit in 'n helder poel
kring rimpelsirkels uit
daaronder - verbeel ek my -
skarrel vissies verwilderd rond

ek dink aan strande
ek dink aan grense
van wie die skuld dra
vierkantig op sy skouers
vir onpeilbare grense
vir verweefde grense
en van dit tussen spieëls en ons
ek dink aan die vierkante van skouers
en wonder of daar nie ook roes lê
sirkels roes wat diep lê
in die hartjie van die see
om nie eens te praat van die hartjie
van die matroos
wat nette uitgooi
vir torings met geroeste hane op

sirkels roes waarvan die grense
spoelsand uitgooi vir hierdie dag
hierdie dag wat groei
uit weet-nie-hoeveel dae
hierdie dag
wat ankertjies op sy skouers dra.

hierdie dag is dus 'n mishoringson
en deur die patrys van die woord
onthou ek op my ongekaarte see
my skip (ou Helios) dwaal oor papier
en die goue haartjies van sy stuur
herinner my
die beste stuurlui staan aan wal

Christo Rabie

K
U
E
S
T
A

Die uitslae van Kuesta '80 is gedurende die afgelope naweek tydens 'n opvoering te Pretoria, in die Gehoorsaal van Unisa bekendgemaak.

Pryse is toegeken in vier kategorieë nl. Poësie, Prosa, Sang en Drama. Studente van die PU het baie goed gevaar en in die Afdeling Poësie het Johan Myburg en Rudolph Willemsse onderskeidelik eerste en derde plek verower. Rudolph het ook tweede gekom in die prosa afdeling. André Howard, ook 'n Puk, het eerste gekom in die Solosang kategorie.

Kuesta is 'n ASB-projek wat elke jaar aangebied word met die fokus op studentekuns in die algemeen.



Spikkels Ferreira in gesprek met 'n personeelbeampte van Sasol tydens die loopbaanskou wat verlede jaar by die universiteit gehou is. Daar sal vanjaar op 26 en 27 Augustus weer so 'n skou gehou word.

Loopbane te sien

'n Loopbaanskou word weer vanjaar deur die Studenteburo op 26 en 27 Augustus 1980 aangebied. Die geleentheid vind plaas in die foyer in die Studentesentrum en 'n gedeelte van die kafeteria sal ook vir die doel ingeruim word.

Instansies soos die volgende besoek die Universiteit om aan studente inligting te verskaf insake werkseleenthede, moontlike beroepe, verlofvoorrede, salarisse, vereiste kwalifikasies, beurse, ens.:

Evkom, Sanlam, Yskor, Raad op Atoomkrag, Handelsbanke en ander Staatsinstansies.

Daar sal ook vanjaar 'n instansie teenwoordig wees wat verantwoordelik is vir beroepsplasinge, nl. Paramount Placement. Die instansie is 'n lid van die Afrikaanse Sakekamer van Johannesburg en sal inligting verskaf oor verskeie ander instansies wat nie op die skou verteenwoordig is nie. Hulle reël ook vir belangstellende studente onderhoude met verskillende werkgewers met die oog op moontlike betrekkings.

Dit is 'n erkende feit dat daar 'n groot persentasie studente is wat nog nie oor hulle toekoms besin het nie en wat studeer sonder dat hulle weet wat hulle eendag gaan doen of wil doen.

Die Studenteburo wil diesulkes nou om van die geleentheid gebruik te maak om met die verskillende werkgewers in die verband te gesels ten einde meer sinvol en doelgerig te kan studeer.

Selfs diegene wat reeds duidelikheid oor hulle beroepsrigtinge het, kan by die ontmoetings baat deurdat hulle hulself op hoogte kan stel met die verskillende moontlikhede wat daar vir hulle bestaan en hulle leemtes in hulle opleiding, bv. verkeerde vakkeuses, betyds kan identifiseer.

Tydens die Loopbaanskou wat verlede jaar aangebied is, is opgemerk dat heelwat studente slegs deur die lokaal stap en dat hulle oënskynlik nie die selfvertroue het om met die werkgewers te gesels nie. Ons wil dit graag beklemtoon dat die werkgewers graag met u wil gesels en dat u geensins moet huiwer om vrae aan hulle te stel nie. Hulle is hier om vrae te beantwoord en inligting te verskaf.

Die Loopbaanskou is 'n diens wat aan die student gelewer word en die Studenteburo nou u uit om by te dra tot die sukses van die aangeleentheid deur ruimskoots van die diens gebruik te maak.

Semesterstelsel begin 1981

Daar is 'n geruime tyd gelede aangekondig dat die PU na 'n semesterstelsel gaan oorskakel. Reëlins in die verband is nou bykans voltooi en 'n kombinasie-semester/jaarstelsel sal aan die begin van 1981 geïmplementeer word. Nie alle kursusse leen hulle tot die semesterstelsel nie en daarom sal sommige nog as jaarkursusse aangebied word.

Die semesterstelsel maak meer sinvolle kursussamestellings moontlik. In sy byvakke kan 'n student by slegs 'n aantal kursuseenhede kies wat sy hoofvakke aanvul sonder om die gevaar te loop om ook 'n hele aantal nie-relevante en oninteressante onderwerpe te moet bestudeer.

Studente en dosente sal hulle self strenger moet dissiplineer om 'n bepaalde hoeveelheid leerstof binne die semester af te handel. Dit behoort egter 'n heilsame invloed op die werk van die student te hê, en aan die einde van die semester is dié gedeelte van sy werkklas afgehandel indien hy slaag.

'n Nuwe begrip in hierdie stelsel is vlak. Eerstejaar-

studente skryf in op eerste-vlak. Hoër vlakke volg en die "moeilikeheidsgraad" en diepte van studie vermeerder dan. Studente met 'n langsame studiepas kan 'n drie- of viervlakdiploma of graad oor 'n tydperk van een of twee jaar langer neem. So 'n verlenging van studietydperk mag nie langer as twee jaar duur nie en geld nie vir 'n tweejarige diploma en eenjarige nagraadse diplomas nie.

Alle inligting van studente en die kursusse waarvoor hulle ingeskryf is word in die rekenaar gestoor en gedurig op datum gehou.

Tydens die eksameninskrywings, wat binnekort sal begin, sal 'n pamflet wat die nuwe stelsel in besonderhede verduidelik aan studente beskikbaar gestel word.

Afrika beskou

Afrika in die wêreld-politiek is die tema van vanjaar se Simposium van die Sentrum vir Internasionale Politiek.

Die Simposium word vanjaar op Vrydag 22 Augustus van 09h00 tot 16h00 in die Sinodesaal van die Geref. Kerk op die hoek van Meyer- en Molenstraat in Potchefstroom gehou.

Daar word vanjaar weer eens vier referate gelewer. Die sprekers en hul temas is:

09h30: Dr. W.J. Breytenbach, Afrika 1980 - knellende vraagstukke van die vasteland.

11h00: Mnr. H.R. La'ss, oor Die Strategiese Belangrikheid van Afrika in die globale magstryd.

12h00: Mnr. Dennis Venter, Afrika en Suidelike Afrika.

14h30: Prof. Hennie Coetzee, Suid-Afrika - 'n toekomstperspektief.

Om 15h10 word die Simposium met 'n paneel-bespreking afgesluit. 'n Bespreking sal ook na elke referaat volg.

Die bywoningsgeld is R6 per persoon en sluit in oggend- en middagete, middagete en 'n volledige stel referate.

Enige verdere navrae kan gerig word aan: Die Direkteur, Sentrum vir Internasionale Politiek, PU vir CHO, Potchefstroom 2520.

Drie liggame beheer PU-beeld

Volgens 'n besluit van die Universiteitsraad het die Departement van Ontwikkeling op 30 Junie ontbind en is dit vervang deur drie onafhanklike liggame, terwyl een afdeling by die studenteburo inskakel.

Die afdeling fondsin-sameling se direkteur is Mnr. Chris Windell en hierdie liggaam is verantwoordelik aan die Vise-Rektor (Finansies en Bedryf). Die Direkteur Militêre skakeling is kol. Pieter van der Walt wat verantwoordelik is aan die Vise-rektor, Prof. du Plessis.

Die bevordering van die beeld van die PU, skakeling met die media, advertensies, en die uitgee van die PU-kaner en ander publikasies word deur die afdeling openbare betrekkinge behartig.

Die direkteur, Dr. Martin Bekker, is verantwoordelik aan die registrateur.

Opvoedkundigdiens en oudstudentesake sal voortaan deur die studenteburo hanteer word. Dus is alles in verband met voornemende studente, huidige studente en oudstudente nou onder een liggaam se vlerk geplaas.

Die Vaalriviertak se skakelafdeling is voortaan verantwoordelik aan die Hoof van die tak.

'n Opvolger vir die vorige Direkteur van Ontwikkeling Mnr. H.M. Robison, hoef dus nou nie meer gevind te word nie.

Hoewel die organisasie-struktuur nou losser is, is die skakeldienste van die PU nou meer funksioneel en vaartbelyn.

ALABAMA '80
9-13 September in
Ouditorium-

BESPREKINGS:

· INLIGTINGSBURE

EN

BUKANA BOEKWINKEL CHECKERSENTRUM



HP29C

Gee ons die koepoon en ons gee u 30% af!


Naam _____

Adres _____

Ek sluit my tje of posorder in vir R116 plus R4.64 (AVB). Bring hierdie koepoon na ons of pos u tje of posorder aan Rekenaarafdeling, Hewlett Packard S.A. (Edms) Bpk, Privaatsak Wendywood Sandton 2144.

30% AF

Ek wil R116 betaal in stede van R166 vir my HP29C. (Plus AVB)



GRATIS

Benoem hierdie aanbod kry u ook 3 GRATIS oplossingsboeke wat u probleme wat betref Student Ingenieurswese, Maties en Statistiek kan oplos (Kleinhandelprys van elk R10.00). Hierdie kan die laaste rekenaar wees wat u ooit te koop! Dit het die programmeringskrag van rekenaar wat heelwat duurder is, en dit het 'n konstante geheue. Wanneer u afskakel sal u programme behoue bly tot u weer aanskakel gereed om u probleme op te los. Die HP29C kom kompleet met: Geïllustreerde Eienaarshandleiding en programmeringsgids. Verwysingskaart. Toepassingsboek. Batterypak. Herlaaiers/AVS-rampasstuk. Sagte dratas. Toepassingsboeke is ook beskikbaar vir: Finansies, Meganiese Ingenieurswerk, Elektries, Sivil, SA Landmetingprogramme. Navigasie en Spele. Elke boek kos siegs R10.00.

hp HEWLETT PACKARD

Slegs vir 10 die benodigde registrasie van Hewlett Packard terwyl voorraad hou.

die WAPAD



● Verkiezingsuitgawe

Dit is belangrik dat elke Puk-student vanjaar verantwoordelike sal stem. Die politieke woelinge op die kampus vereis deeglike besinning oor die keuse van die nuwe studenteraad.

Gebruik dus die verkiezingsuitgawe van Die Wapad goed; berei voor vir die Groot Sweet, en maak seker van die inhoud van elke kandidaat se beleidsverklaring en curriculum vitae. Mans en dames wat volgens die aanvaarbaarheid al dan nie van foto's stem, maak die studenteraadsverkiezing en die harde werk aan die uitgawe van Die Wapad belaglik en nutteloos. Dit is beter om glad nie te stem nie as om dit onnadenkend of ligsinnig te doen.

● Doel van Groot Sweet

Die doel van die Groot Sweet is om enersyds knelpunte oor beleidsverklarings op te los, en andersyds om die kandidate beter te leer ken. Dit is sinneloos om met negatiewe oogmerke te hamer op een ongewilde student, wat dalk nie eers op die SSR sal beland nie. Intussen word ander goeie kandidate op die agtergrond geskuif omdat daar nie genoeg tyd was sodat hulle hulleself kon bewys nie.

● Brommery

Elkeen kry die geleentheid om die nuwe studenteraad met oorleg te verkies, en moet dit ten volle benut. En as die raad nie heeltemal na jou sin is nie, moet jy die uitslae in goeie gesindheid aanvaar en nie agteraf brom nie. Suur druiwe hoort nie by Christene nie.

● Eerstejaars

Eerstejaars mag nie vergeet dat hulle stemme belangrik is nie, meer nog, dat hulle deur die nuwe SSR verteenwoordig gaan word, en nie die finale jaar studente nie. Daarom is dit belangrik om nie te stem soos iemand anders sê jy moet nie, maar om jou eie oortuiging te volg. Studente wat nie volgende jaar op die PU sal wees nie, moet onthou dat ook hulle stemme die uitslag beïnvloed. Juis hulle ken die kandidate beter, en moet 'n noodsaaklike bydrae lewer.

Wapadredaksie

KERNREDAKSIE

HOOFREDAKTEUR: Mariëtte Postma

NUUSREDAKTEUR: Izak Minnaar

HOOFSUBREDAKTEUR: Johan Victor

ALGEMENE NUUSREDAKTEUR: Jeanne Fourie

DIEPTEARTIKELSREDAKTEUR: Cobus Visser

KOSHUISREDAKTEUR: Alwyn van der Linde

KUNSREDAKTEUR: Johan Myburg

SPORTREDAKTEUR: Rolene Koch

SUBS: Ina Bouwsema; Petro Malan; Izak Minnaar; Helen Verbeek; Johan Victor

NASIENERS: Thomas Kruger; René Puren; Martie Wessels

ADVERTENSIEBESTUURDER: Jacques Pienaar (tel. 3468)

HOOFFOTOGRAAF: Jaco Pretorius

PENNINGMEESTER: Paul Smit

SEKRETARESSE: Marietjie Eloff



Persoonlike voor koms was nog altyd 'n sterk oorweging by die stembus, of hoe?



1980-verkiezing

Wynand du Plessis

Daar word lank reeds op die PU gepraat oor die rol wat politiek in SSR-verkiezings moet speel. In die SSR-verkiezing van 1980 kan en sal hierdie vraag ook weer baie gestel word en baie menings hieroor gewissel word. Wat wel baie seker is, is dat politiek nie meer in SSR-verkiezings geïgnoreer kan word nie. Die pas afgelope ASB-Kongres het duidelik aangetoon dat politieke denkrigtinge selfs tot skeuring binne Afrikaner studentegedere kan lei. Daarom kan en mag politiek in SSR-verkiezings nie verontagsaam word nie.

Die sg. "Verklaring" van POLSTU sal daarom beslis in die komende verkiezing 'n groot rol speel en daar kan verwag word dat radikale denke plek plek sal kop uitsteek. Die swaai na regs onder Afrikaner studentegedere, soos duidelik na vore gekom het op die pas afgelope ASB-Kongres, sal beslis ook deursuur na die breë PUK-massa. 'n Botsing tussen die POLSTU manne en 'n deel van die PUK-massa is

dus glad nie uitgesluit nie. Indien daar wel 'n botsing tussen verskillende politieke denkrigtinge tydens die SSR-verkiezing plaasvind kan daar net gehoop word dat dit 'n botsing in die goeie studentesin van die woord sal wees nl. dat alle persone en denkrigtinge hul saak duidelike en reguit sal stel en dat daar geen agteraf gekonkel sal wees nie. Dit is veral nodig om openlik en reguit te wees omdat dit al te veel in die verlede gebeur het dat 'n kandidaat smous met woorde soos "skakeling", "radikale christendene", "hoogste prioriteite", "christelike lewensbeginsels" en een na die ander in sy beleidsverklaring inryg. Dit het ook vir die Pukke duidelik geword dat persone wat op SSR-verkiezings en ASB-kongresse praat van die sg. "wegbeweeg van partypolitieke bande" eintlik maar daarmee bedoel dat hulle wil links beweeg. Bogenoemde vaheide en jakkalsdraaie is beslis uit hierdie jaar en daar sal openlik gepraat moet word. Die Pukke soek hierdie jaar SSR-lede met wie hulle weet waar hulle met hul staan van die heel eerste oomblik af. Ja, daar wag beslis 'n baie interessante verkiezing op die PU – en wie weet – miskien nog 'n paar aangename (vir party mense minder aangenaam) verrassings ook...

Swete belangrik

Wynand du Plessis

Met die SSR-verkiezing wat op hande is, is dit weereens noodsaaklik dat elke stemgeregtigde PU-student vooraf sal besin oor die dag van verkiezing. Veral drie sake het daadwerklike besinning nodig voordat enige persoon met verantwoordelijkheid sy stem kan uitbring.

Die eerste en belangrikste saak is dat ons as PU-studente vir onself sal uitmaak wat ons **toekomstvisie** vir die PU vir CHO is. Sonder 'n toekomstvisie kan geen persoon doelgerig na vore beweeg nie en kry mens baie maklik 'n sinlose rongeskarrel (soos wel ook soms op ons universiteit opgemerk word).

Nadat ons as PU-studente vir onself uitgemaak het wat ons toekomstvisie is, is dit noodsaaklik om as individue onself **innerlik** te motiveer om voluit te gaan vir dit wat ons wil doen. Sonder doelgerigte innerlike motivering **kan en mag** geen PU-student 'n stem by die stembus uitbring nie.

Die derde saak wat dan aandag moet geniet is die aspirant-SSR-lede. In die maak van 'n keuse moet weereens met die grootste verantwoordelijkheid te werkgegaan word. Sô dikwels word ons stem bepaal deur dit wat die Prim. sê of selfs deur wat die tydsgees sê.

Sô 'n verantwoordelike manier van stem hoort beslik nie tuis op die PU vir CHO nie. Die eerste saak by die oorweging van 'n kandidaat moet wees dat ons seker maak dat ons oor eerstehands kennis oor die persoon beskik. Eerstehandse kennis word slegs verkry deur persoonlike kontak met kandidate self op geleentheid soos die "klein sweet" en "Groot sweet". Dit grens aan valse getuienis lewer om 'n stem uit te bring vir of teen 'n persoon wie jy nog nooit eens ontmoet het nie. – dus – woon die "SWETE" by en gaan stem of los albei.

In ons kontak met aspirant-SSR-lede is daar ook belangrike faktore om op te let. Aan die PU vir CHO is dit vanselfsprekend dat ons eerstens sal let of die persoon werklik lewe volgens sy belydenis, maar net 'n vae dooie begrip iewers in sy verlede is. 'n Persoon sonder 'n aktief werksame belydenis hoort beslik nie tuis aan die PU vir CHO nie.

'n Ander saak waaraan alle aspirant-SSR-lede ook getoets moet word is hul leierseenskappe. Organisasievermoë is ook 'n belangrike vereiste, maar beslis nie deurslaggewend nie. Verder sal die politieke standpunte van alle kandidate ook baie goed teenmekaar opgeweeg moet word en verder gekyk moet word as die herhaalde opsê van geykte uitdrukking en begrippe. Ons moet onthou dat die leiers in die PU-gemeenskap vandag, môre se leiers op staatkundige, kulturele en sosiale vlak is. D.w.s. swak SSR vandag – chaos môre. Die tyd is beslis verby dat studente hulle op universiteit besig hou met allerhande politieke speletjies – die tydsomstandighede eis van ons verantwoordelike en doelgerigte leiers – ook op politieke gebied.

En dan net 'n laaste opmerking – die Pukke moet sorg dat daar nie weer hierdie jaar 'n bespotting gemaak word van die massa se intelligensie deur sommige kandidate (sommige was selfs hierdie jaar op die SSR) wat by elke "Klein sweet" en ook by die "Groot sweet" geplante vrae het nie – nee, sô word dit nie gedoen nie!

Uit die Woord

1 Kor. 15:34 – 53

Die Opstanding van die vlees

Elke Sondag bely ons as Christene: "Ek glo aan die wederopstanding van die lewende vlees." Dit is alleen deur die geloof aanvaarbaar en nie iets wat wetenskaplik bewys kan word nie.

Daar is 'n opstanding van die liggaam

In die brief van Paulus aan die gemeente van Korinthe gee God die antwoord oor die feit van die opstanding.

Ons opstanding rus in Christus se opstanding. Sy opstanding is die basis, die fondament van ons opstanding met Sy wederkoms. Hy was die eersteling gewees. Ons almal het in Adam gesterwe, maar is in Christus lewend gemaak.

Almal wat in Hom glo sal opstaan tot die ewige lewe, maar die ongelowiges sal opstaan tot die ewige verdoemenis. Ons sal opgewek word deur die krag van Christus. Ons sal in heerlijkheid

opstaan om aan Hom gelykvormig te wees as Hy kom om te oordeel die de en die dode. Dan sal Hy ons liggaam en siel verenig.

Dit is vir die gelowige 'n heerlike troos

Daar kom 'n dag van blydschap, die dag wanneer ons uit die dood sal opstaan in alle heerlijkheid. Geen sonde of dood, geen verganklikheid of sterflikheid, geen siekte of ellende of pyn.

Ons liggaam word gesaai in verganklikheid en opgewek in heerlijkheid. Daar word gesaai in swakheid en opgewek in krag. 'n Natuurlike liggaam word gesaai en 'n geestelike liggaam word opgewek. In heerlijkheid sal die gelowige lewe by sy Hemelse Vader, onse Here.



Andre Bartlett



Hendrik Venter



Servaas de Kock

Mnr. André Bartlett van UP is Saterdag 9 Augustus 1980 tydens die ASPU-konferensie op Potchefstroom as nuwe ASPU-voorsitter aangewys. Mnr. Bartlett volg mnr. Gerrie Snyman van RAU op.

Benewens die verkiesing van die nuwe bestuur is 'n werkwinkel aangebied en is die roetinesake in 'n baie korter tyd as gewoonlik afgehandel.

Die konferensiegangers van universiteite en kolleges vanoor die hele land, het meegewerk om 'n koerantjie, Aspot, die lig te laat sien. Dit moet nog gedruk word en eksemplare sal later aan die onderskeie koeranteredaksies gestuur word.

Mnr. Hendrik Venter (die Perdeby) is as ondervoorsitter en mnr. Servaas de Kock (Irawa) as addisionele lid verkies.

ASPU se nuwe leiers

Tuks se Kafeteria monopolisties

Op die Tukkie-kampus heers daar groot ontevredenheid oor die gehalte van diens wat deur hulle kafeteria gelewer word.

In 'n berig in Die Perdeby het Karien Scholtz beweer dat die kafeteria op die kampus 'n monopolie is. Die verskeidenheid van redes vir die ontevredenheid dek 'n wye veld beginnende by studente wat versnaperings in die kafeteria geniet en eindigende by persone wat funksies op die kampus moet reël. Daar word selfs deur sommige studente beweer dat die voedsel wat daar voorberei word, oneetbaar is.


Mej. Scholtz voel dat die feit dat Mnr. Biedermann, bestuurder van die kafeteria, alleenreg geniet op die spyseniering van funksies wat op die kampus aangebied word, ondersoek moet word. 'n Student het opgemerk dat die spyseniering wat vir die rektor se funksies gedoen word, baie beter is as die wat vir verenigings gedoen word.

Na aanleiding van 'n ondersoek wat reeds in 1977 deur die UP-SR gedoen is, blyk dit dat Tuks se kafeteria maar swak vergelyk met die van ander universiteite. Hier volg 'n vergelyking met die Maties se Neelsie en die Kowsies se Benedictus Kok Studentesentrum.

Neelsie sluit die volgende in: 'n kafeteria met 'n toonbank vir ligte wegneemetes en 'n selfbedieningstoonbank. Daar is 'n groot danssaal en die Sanlam-saal wat 400 mense kan huisves. Die kafeteria beskik oor 'n dranklisensie en Radio-Maties saai daaglik Alle studentefunksies word hier gehou en dit dien vermeer as 'n bymekaarkomplek vir die Maties.

Benedictus Kok Studentesentrum is 'n kafeteria met volvloertapyte, 'n bokjolsaal en 'n gelisensieerde restaurant wat viergangmaaltye voorsien. Die kampusradio saai daaglik uit en vir die sportgeesdriftiges is daar onder andere snoekertafels en muurbalbane. Die sentrum dien ook as 'n bymekaarkomplek vir studente.

Afgesien van die ander klagtes oor die kafeteria is die mees algemene klagte dat die kampus nie 'n bymekaarkomplek vir die studente het nie.



'n Brand in die Sentrale Eetsaal gedurende die Julievakansie het omvangryke skade wat beraam word op R70 000 aangerig. Die brand het vinnig vanuit die kombuis oor die dak van die eetsaal versprei nadat daar vermoedelik 'n kortsluiting was. As gevolg van jare se vetneerslae teen die dak en in die skoorsteen het die brand baie vinnig versprei.

Nadat Mnr. Blackie Swart, 'n student, die brandweer ontbied het, is daar sowat twee uur lank gespoek om die vlamme te blus.

Die eetsaal bedien ongeveer 800 studente uit vier koshuise, maar te danke aan vinnige herstelwerk het hulle geen ongerief verduur nie.

Kampus Dagboek

14 Donderdag	14h30	Beheerkomitee - koshuise
	13h00	Platform: mnr. Rowan Cronjé
		Prof. Yonge (VSA) besoek
		Opvoedkunde
	18h30	Spraakleer en drama
		Gratis skemerkonsert:
		Foyer - Bophuthatswana
	19h30	Ministers besoek Potchefstroom
	19h00	Liber Factus: algemene vergadering: klein sitkamer
15 Vrydag	19h00	Inouguerelede: R.E. Everson
		Prof. dr. E. Schuurman (VU) gee lesings in filosofie (15-18 Augustus)
	20h00	Gaudium Studentegeselskap: Auditorium
		Spraakleer en Drama
		Universiteitsverlaterskamp: NG Kerk
16 Saterdag	08h00	Caritas: Maatskaplike Werk-konferensie (studente)

Rekenaarseminaar gehou

Die elektroniese rekenaar het vastrapplek gekry op baie terreine in die hedendaagse samelewing. Op 4 Junie 1980 het die PU se departement aardienste in samewerking met die rekenaar-firma IBM 'n seminaar aangebied om toepassings van hierdie tegnologie in die akademie en navorsing nader toe te lig.

Die moontlikhede van hierdie stelsels is groot, maar kan weens hoë koste nie gou algemeen ingespan word nie.

Dit kan egter baie geredelik as 'n onderwys hulpmiddel ingespan word, veral by die merk van vraestelle. In die letterkunde, teologie en ander

velde waar groot volumes tekste ter sprake is kan dit aangewend word vir teksontleding. Groot hoeveelhede inligting in boekvorm kan op 'n rekenaarmedium soos magneetband opgeneem word. Daar word selfs gedroom van hele biblioteke in die rekenaar.

Spaar 'n sent vir die student

7 1/2 sent uit elke tien liter brandstof word geskenk aan die Sentrale Studenteraad



Gooi nou in by Harold's Volkswagen

Kerkstraat 220, Potchefstroom. Tel. 4261

Studente moet self opdok

Koshuisadministrasie het 'n verklaring uitgereik waarin koshuisgangers daarop gewys word dat hulle self verantwoordelik kan wees vir die styging in losiesgelde.

Gedurende 1979 is ± R9000 se eetgerei en uitrusting uit eetsale en koshuise verwyder - dit hang dus van kosgangers self af watter bedrag vir 1981 begroot moet word vir so 'n onnodige uitgawe.

Mnr. Dirk Goetzee, hoof van koshuisadministrasie spreek egter sy waardering uit teenoor die positiewe samewerking van studente soos byvoorbeeld die uittekenstelsel oor naweke.

Uit die verslag blyk duidelik dat die losies vir 1979 van 24c per dag per student te min was en dat die onveranderde losies vir 1980 beslis onvoldoende is om in die behoeftes vir 1980 te voorsien. 'n Heffing in koste sal afhang van die verliese wat gely word.

UIT
NO.
13

Voorsitter vrygelaat

Die voormalige voorsitter van Nusas, mnr. Nicholas Hayson, is deur die Veiligheidspolisie vrygelaat nadat hy 'n ruk gelede in hegtenis geneem is.

Mnr. Garth Seneque en Mike Pace, twee studente in stadsbeplanning aan die Universiteit van Natal, is ook vrygelaat nadat hulle ingevolge Artikel 22 van die Algemene Regeringswet aangehou, is.

Die Burger, 6 Augustus

Skenking gedoen

'n Tjek vir R100 000 is deur dr. Louis Luyt, bekende sakeman van Johannesburg, vir ontwikkeling aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat geskenk. Die skenking is ten bate van die Liaison '80-plan waar die universiteit R10-miljoen oor die volgende tien jaar wil insamel.

Die Burger, 6 Augustus

Ontheffing is niksseggend

J.O. Potgieter
KLOOSTER
P.U. VIR C.H.O.

DIE REDAKTEUR

Aan die begin 1980 het 'n groot aantal nuwe studente na die PU vir CHO gekom, vol verwagtinge en met gemengde gevoelens. Voordat die akademie kon begin het ons aan 'n oriënteringsprogram begin deelneem. Die standaard van die program was miskien nie soos in die verlede nie, maar tog met 'n goeie effek, want ons het uitgesien na dit wat ontheffing genoem word.

Matie Prof. Oorlede

Prof. J.M. (Joe) Joubert, jare lank hoogleraar in Chemie en later dekaan van die fakulteit van natuurwetenskappe van die Universiteit van Stellenbosch, is op 88-jarige ouderdom aan 'n hartaanval oorlede.

Prof. Joubert was al die jare daarvoor bekend dat hy nooit 'n enkele aantekening in sy lesings gebruik het nie en byna nooit die name van sy oud-studente vergeet het nie.

Die Burger, 6 Augustus

Aan die einde van die oriënteringsprogram was daar "ontheffing" maar ek twyfel aan die meriete daarvan. Want daar is nog van ons verwag om 'n das en naamplaatjie te dra en ook om ons seniors nog op 'n eerbiedige wyse aan te spreek.

Daar was 'n belofte gemaak dat dit ook tot 'n einde sal kom - met ontheffing op 'n later stadium in die jaar. Weer eens is daar dus aan ons die geleentheid gegee om met gemengde gevoelens uit te sien na die einde van dasse, naamplaatjies en menere want dan sou ons ware koshuisinwoners en Pukke kon wees.

Maar die dag het gekom waarop hierdie sogenaamde ontheffing plaasgevind het. Dit het egter aan niemand se idee of doel beantwoord nie. Want eerstens is die verkeerde mense gedreig: die seniors; en nie ons, die eerstejaars nie.

Daarna is aan ons gesê dat die tyd van dasse, naamplaatjies en menere verby is; klaar gepraat; klaar gelag; dit is verby...

Hoe kan dit verby wees as nie een van die partye tevrede voel met die uiteinde van sake nie? Want ons voel soos 'n skakelaar teen die muur wat nie gebruik word nie. Hoe kan daar ook van die senior verwag word om die skakelaar te gebruik as hy nie eens weet of dit werk nie?

Dit is tog doodmenslik dat as iemand deur 'n stroom moet gaan om blomme te pluk; dat hy van die wat na hom kom ook sal verwag om deur dieselfde stroom te gaan, as hy van dieselfde blomme wil pluk. Maar ons het 'n boot gekry en die seniors in die geleentheid ontsê om aan ons te wys hoe om oor die stroom te gaan.

Dit is jammer dat sekere mense die sosiale struktuur wil beïnvloed wat deur seniors geskep moet word.

John Potgieter

Die ontheffing aan die einde van oriëntering was die finale ontheffing en die beëindiging van alle oriënterings aksies as sulks. Die praktyke wat daarna voortgeduur het is veronderstel om gesien te word as normale eerstejaarspligte en nie as sogenaamde "voortgesette oriënteringsaksies" nie (alhoewel die sweem van oriëntering wat daaraan kleef nie weg te redeneer is nie). In die lig hiervan moet die beëindiging van die praktyke nie gesien word as 'n sogenaamde "tweede ontheffing" nie. Oriëntering verkeer tans in 'n oorgangsfase en al die sake wat die skrywer aanraak word opnuut ondersoek. Uitsluitel daarvoor sal voor volgende jaar verkry word.

Jan Botha

Mnr. T. Venter Magisterstudent in Staatsleer aan die PU, was die geleentheidspreker tydens die Instituut vir Suid-Afrikaanse Politiek se byeenkoms op 4 Julie 1980. Hy het gepraat oor kaptain Gatcha Buthelezi en sy Inkatha-beweging.

Inkatha was die naam van 'n besondere ring in die dak van 'n Zoeloe-hut. Na die dood van Tjaka hierdie ring 'n soort magiese voorwerp geword, wat soos 'n kroon aan opvolgende Zoeloe-konings oorgedra is. Dit is egter voor die twintigste eeu vernietig, waarskynlik tydens 'n oorlog. Die naam is vandag nog simbolies van Zoeloe-eenheid.

In 1928 stig KaDinZulu 'n suiwerkultuur-organisasie om kulturele herlewering onder die Zoeloevolk te bewerkstellig. Dit loop later dood en in 1975 stig Buthelezi die huidige kultuur-politieke beweging.

Van die doelstellings van die beweging (soos in die grondwet uiteengesit), is die realisering van gelykberegtiging, selfdeterminasie, die ontwikkeling van Kwa-Zulu en vreedsame verandering.

STUDENTE-INTERNAATSKAPPE KLINIESE
SIELKUNDIGES VIR 1981

VYF EENJARIGE INTERNAATSKAPPE VIR DIE
OPLEIDING VAN KLINIESE SIELKUNDIGES
BESKIKBAAR BY ORANJE, NASIONALE EN
UNIVERSITAS HOSPITALE, BLOEMFONTEIN

Minimum kwalifikasies: B.A. HON. Sielkunde
Vaste Salaris: B.A. Honneurs: R4 845
M.S. Sielkunde: R5 520

Sluitingsdatum vir aansoek: 30 Augustus 1980
Skryf dadelik vir besonderhede aan:

Dr. J.D.G. van der Merwe
Dept. Psigiatrie (G.66)
U.O.V.S.
Posbus 339
9300 BLOEMFONTEIN

Oulike koppies vir sleeptyd



en te le ander aardigheidjies om 'n eerstejaar se kamer interessant te maak. Rakke vol van die oulikste goed om 'n dierbare maat se hart bly te maak. Net langs die INSLEEP-KAFEE.

Insleep -geskenkwinkel
Gift Shop
TOMSTRAAT 100 TELEFOON 2-1033

guys & dolls

vat dit kop toe!



Kom ons stel jou voor aan 'n nuwe dimensie in haar-golwing: UNI-PERM met pH-balans! Dit lyk nes natuurlike krulle! Geen kroes-en-knoop bossiekop nie! Nog goeie nuus van Guys & Dolls is lae, lae pryse net vir studente! Wees 'n IN-ding! Bly voor met die jongste haarmodes! Altyd tot u vriendelike diens! Die uwe,

GUYS & DOLLS, Tomstr. 82, tel. 8071.

Rhodes vra hofbevel

'n Hofbevel om duidelikheid te kry of akademiese byeenkomste ook as politieke vergaderings geld, sal moontlik binnekort deur die Universiteit van Rhodes aangevra word.

Die universiteitsowerheid het sy prokureurs opdrag gegee om die saak te ondersoek nadat die jaarlikse D.S.C. Oosthuizen-gedenklesing, onder beskerming van die komitee vir akademiese vryheid, afgestel moes word.

Prof. G.R. Bozzoli, voormalige vise-kanselier van die Universiteit van Witwatersrand, sou by die geleentheid praat oor die tema "Verandering kom nie sonder ongerief nie".

'n Opsomming van sy toespraak is aan 'n landdros van Grahamstad voorgelê as deel van die aansoek om 'n permit om die lesing te hou. Die lesing is egter ingevolge die Wet op Opvoering Byeenkomste met 'n politieke strekking tot op 31 Augustus vanjaar verbied.

Die Veiligheidspolisie het intussen gevra vir 'n afskrif van die toespraak in sy geheel.

Trein is te duur

Vanweë die buitensporige onkoste wat die huur van 'n trein met Intervarsity sou meebring, moes daar ongelukkig van die idee afgesien word.

Busvervoer is gereël en kaartjies is beskikbaar by die inligtingsburo teen R12 per persoon. Die busse ver-

trek Vrydag 21 Augustus om 14h00 en 17h00 vanaf die duikweg en weer om 10h00 Sondagoggend vanaf die kafeteria by die UOVS. Die bus sal ook Saterdag twee tot drie keer tussen die stadion en die kampus vervoer verskaf. Alle kaartjies moet voor Donderdag 16h00 gekoop word.

Doen nou aansoek

Aansoeke vir 'n redaksie van Die Wapad in die volgende termyn word ingewag.

Nuusredaksie
Redakteurs:
Algemene redakteur;
Interuniversitêre redakteur;
Sportredakteur;
Kunsredakteur;
Tydskrifredakteur;
Sosiale redakteur;
Spotprenttekenaar.
Verslaggewers vir elkeen van bogenoemde redaksies.

Senior fotograaf;
fotografe.

Subredaksie:
soveel subs as wat nodig blyk te wees;
soveel nasieners as wat nodig blyk te wees.

Administrasie:
Sekretaris en 'n Assistent-sekretaris;
Penningmeester;
Advertensiebestuurder;
Advertensiewerwers;
Verspreidingshoof;
verspreiders.

Rig aansoek aan:
Die Redakteur
Die Wapad
Bussie 13
Studenteraadskantore
PU vir CHO

Meld asb. vorige ervaring studiekursus en -jaar, volledige adres en telefoonnommer.

Aansoek moet voor 25 Augustus 1980 ontvang wees.

Kursusse in bladuitleg, berigskrywing en verslaggewing word in die eerste week van September aangebied en 'n drukkerij word besoek.

Komitee bad feestelik

Die doel van Wag-'n-Bietjie se badkomitee is om verjaarsdae, verkiesings en groot gebeurtenisse te ondersoek en die nodige gelukwensing op welvoeglike en gepaste wyse oor te dra.

Die stigtingsvergadering was in 1977 nadat dit geblyk het dat daar 'n leemte en min kontak tussen die dames was.

Die badkomitee word jaarliks verkies en bestaan uit eerstejaars van Wag-'n-Bietjie. Die huiskomitee en ou badkomitee benoem die lede. Die nuwe badkomitee word met 'n groot geesvang-aksie ingehuldig.

Die grondwet is opgestel deur mej. Ilsa Basson, primaria van 1977, in samewerking met die voorster van die eerste badkomitee.



Die badkomitee van Wag-'n-Bietjie is Alrina Bester, Milanie van der Merwe, Lyn Pretorius, Rosemarie Bolt, Steffie Voster (voorsitter), Linda Venter, Magel Weber, en Karin Potgieter.

Polstu erken

Op die SSR-vergadering wat op Maandag, 11 Augustus gehou is, is die volgende mosie aangeleem. Dié mosie is deur mnr. Jan Botha ingestel en gesekondeer deur mnr. Stephan Pretorius en algemeen aanvaar.

'n politieke drukgroep is wat 'n sekere politieke rigting op die kampus probeer afdwing nie bevestig. Verder erken dit die bestaansreg van 'n onafhanklike politieke studiegroep soos Polstu.

Vyfdens stel die mosie dat die standpunte wat deur SSR-lede op die ASB kongres sowel as in Polstu ingeneem is nie noodwendig die standpunt van die SSR as instelling of van die PU-studentegemeenskap is nie. Dit is die standpunte van individuele studentleiers wat hulle in persoonlike hoedanigheid inneem.

Die mosie stel dat die SSR sy belangebehartigende rol met die klem op interne kampusaangeleenthede as sy primêre taak beklemtoon, dit het voorts dat die SSR sy bestaande beleid, nl. dat die SSR nie

Nuusflitse

Op 6 Augustus het Wag-'n-Bietjie 'n badkamer-kompetisie gehou. Mev. Santie Eloff het die beoordeling gedoen. S2 en U-grond het die kompetisie gewen. Die idee kom van die huiskomitee met die doel om die koshuis te verfraai. Na die kompetisie is daar 'n teeparty gehou.

Tydens Kasteel se verjaarsdagdinee is 'n Kasteliefdie aangewys.

Wanda het 9 Augustus 'n winterfees gehou in die A la Carte restaurant van die studentesentrum. 'n Eerstejaar van die jaar is aangewys. Daar word beoog om dit 'n jaarlikse instelling te maak.



Die nuwe koshuisvader van Wag-'n-bietjie is dr. en mev. Theuns Eloff. Saam met hulle is mej. Jeanne Botha, primaria van Wag-'n-Bietjie.

LAATNUUS

Mosies by massavergadering

Tydens die massavergadering van 12 Augustus is die volgende mosie met 'n meerderheid van stemme aangeneem, naamlik dat die SR-lede betrokke by die stigting van Polstu tydens die ASB-kongres 'n gesamentlike persverklaring aan al die betrokke koerante uitreik, waarin hulle duidelik moet spesifiseer:

- dat die standpunte en uitlatings wat deur hulle op die kongres gemaak is, hulle eie individuele menings is, wat binne hulle mag as SR-lede val, en as lede van Polstu gedoen is;
 - dat die pers dit foutiewelik opgeneem het as standpunte en uitlatings van die PUK-massa wat onjuis en val is; en
 - sodat die vals beeld van die skade aan die PU se naam in die openbaar reggestel kan word.
- Twee ander mosies is ook met meerderheid van stemme aanvaar:

- dat die massa ho distansieer van Polstu se vertrekpunte, oogmerke en implikasies; en
- dat die vergadering die betrokke SSR-lede versoek om hulle te weerhou van enige verdere uitsprake polities of andersins.

Die vergadering is gekenmerk deur 'n baie negatiewe houding teenoor die stigters van Polstu. Dit is egter duidelik gestel dat dit hulle werkwyse en nie soseer hulle uitgangspunte is waarteen beswaar gemaak word nie.

Op 'n vraag of die organisasie met voorbedagte rade tydens die ASB-kongres gestig is het Mnr. Jan Louis du Plooy geantwoord dat die organisasie spontaan tydens die kongres ontstaan het. Mnr. Du Plooy het verder gesê dat 'n studenteleier se mond nie gesnoer mag word nie en dat hy sy mening moet kan lug al verteenwoordig sy standpunt nie die massastandpunt nie.

Unisa kry nou derde

'n Derde registrateurspos is pas aan Unisa geskep. Die bestaande poste van die registrateurs: Finansies en Administrasie word nou aangevul met 'n Registrateur: Akademies.

Die Raad van die Universiteit het aangekondig dat hierdie bedeling genoodsaak is deur die groeiende behoeftes van die Universiteit.

'n Hertoedeling van verantwoordelikhede en 'n

nuwe taaktoedeling vir die registrateurs is opgestel en deur die Raad aanvaar. Dit sal beter rasionalisering tot gevolg hê en die kommunikasieprosesse bespoedig.

Mnr. A.P. Schutte behou die pos van Registrateur (Finansiers). Mnr. M.H. Stockhoff voorheen Registrateur (Administrasie), is deur die Raad aangewys as die eerste Registrateur (Akademies). Mnr. D.W. Steyn is deur die Raad van die Universiteit as Registrateur (Administrasie) aangestel.

Unisa Nuus 16 Jun.



Tjorts

Tjorts het 'n nuwe speletjie uitgevind. Die spel se naam is SOEK DIE KATJIE.

Hiervoor het jy 'n honger kat en twee bene nodig.

Eerstens, 'as Pappie slaap steek jy al sy broeke en onderbroeke weg. Sê vir hom hy moenie kwaad wees nie, omdat dit net 'n speletjie is. As hy sê: "Hoe speel mens dit?" blind-loek jy hom en bind sy hande agter sy rug vas.

Die res van die gesin moet hulle beste klere aantrek en die trein wag. Vat hom na die kas waar die gegrom vandaan kom, stamp hom in en skree: "Soek die katjie, Pappie?"

Dan moet die gesin inhardloop en om die bloeding te stop, druk verbande bokant elkeen van Pappie se kneë. As die dokter kom, stop jy hom by die deur en sê: Pappie het die katjie gekry."

Die speletjie is nou verby.

Tjortsiens.

MODEL-SKOENWINKEL — CHECKERS-SENTRUM en SKOENSENTRUM — KERKSTRAAT

Vir die jongste
modes in skoene



OIP-105113



Tafeltennis kom weer op die been

Die afgelope agt maande was daar geen georganiseerde tafeltennis aan die PU nie as gevolg van hulle skorsing omdat sekere ligabepalings nie nagekom is nie.

Op die vyfde, sesde en sewende Augustus is daar egter 'n tafeltennis koshuisliga in die studentesentrum afgehandel. As gevolg van die

suksesvolle bywoning en deelname word daar beoog om 'n volledige span na die Kopsies Intervarsity te stuur. Daar word ook gehoop dat dié sportsoort een van die PU se trots-binnemuurse sportsoorte sal word in die toekoms.

In die koshuisliga is die mansfinale tussen Hombré en Villagers deur Hombré gewen, (8-2). Die

damesafdeling is deur Kasteel (8) gewen toe hulle met Klawerhof kon afreken (2).

Die finale stand tussen die koshuise was soos volg:

Mans: (van eerste na laaste) Hombré; Villagers; Overs; Klooster/Liberalia; Caput.

Dames: Klawerhof; Kasteel; Vergeet-My-Nie; Karlien; Heide; Wanda; Wag 'n Bietjie.

PU eerste met kursus in sportkunde

'n Nuwe kursus in Sportkunde word van die begin van aanstaande jaar af aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys aangebied.

Die Minister van Onderwys het sy toestemming verleen dat Sportkunde as 'n eenjarige kursus aangebied kan word vir alle studierigtings wat toegang tot 'n onderwysgraad of -diploma verleen. Dit sal ook as geleentheidsvak deur studente in ander studierigtings geneem kan word.

Sportkunde sal in enige studiejaar as 'n volwaardige kursus beskou word. Dit sal veral waardevol wees vir onderwysstudente en studente wat in sportafrigting wil staan, sê prof. W.J. Putter, hoogleraar in die departement Liggaamlike Opvoedkunde aan die PU vir CHO.

Die kursus sal in twee semesterkursusse verdeel word, waarvan die geslaagde aflegging van die eerste semester, toegang tot die tweede verleen.

In die eerste semester-kursus sal die teorie aan die volgende vakke behandel word: sportfilosofie; perseptueel-motoriese leer; sportpsigologie; sportfisiologie en dieet; sportmeganika; beginsels van organisasie en administrasie; sportbaserings; leierskap en groepsdynamika in sport; en beginsels en onderrigmetodes by afrigting.

Ná die aflegging van 'n teoretiese eksamen sal praktiese onderrig in sportafrigting aan die beurt kom. Tennis sal verpligtend wees vir mans en vroue, terwyl hokkie vir vroue en rugby vir mans aandag sal geniet.

Die tweede semester sal gewy word aan die praktiese aspekte van atletiek, wat verpligtend sal wees vir mans en vroue, krieket vir mans en netbal vir vroue.

Die praktiese deel van die kursus sal veral gerig wees op die toepassing van die eerste semester se teorie, met nadruk op die reëls van skeidsregter-en beampteskap.

Die kursus sluit afrigtingseksamens in die sportsoorte in. Studente wat die kursus in Sportkunde voltooi het, sal erkenning van die betrokke nasionale sportliggame as afrigters ontvang.

Prof. Putter sê daar sal van bekende sportpersoonlikhede op ad hoc-grondslag gebruik gemaak word by die praktiese onderrig van die kursus.

Die PU vir CHO sal die enigste universiteit wees wat 'n kursus van dié aard aanbied.

Op Saterdag 16 Augustus speel die PU-rugbyspanne weer teen Pote op Oliënpark. Studente word gevra om die spanne te kom aanmoedig aangesien dit 'n goeie voorloper van die Intervarsity teen Kopsies sal wees. Daar sal weer gratis busvervoer wees vanaf die Sentrale eetsaal en Oosterhof. Die busse sal vanaf 14h00 toeskouers na die veld vervoer.

Die geleentheid sal ook ideaal wees om die "sing-songs" solank in te oefen.

Muurbal-Intervarsity

Op Vrydag 22 Augustus sal altesaam 60 Muurbal-spelers van die PU na Kopsies vertrek vir die jaarlikse Intervarsity.

Die eerste vier PU-mansspanne; die eerste drie PU-damesspanne; die sterkste drie mans koshuisspanne en die sterkste twee dames-koshuisspanne sal dié Intervarsity meemaak.

Die hele naweek sal R10 per persoon kos, dit sluit die reiskostes, verblyf en twee etes in. Die groep studente sal stiptelik om 12h00 op Vrydag 22 Augustus per bus vertrek en die aand op Maselspoort oornag.



'n Bekende Biermaatskappy, die SA Brouerye het 'n skenking van R10 000,00 aan die Rugbyklub van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO gemaak.

Mnr. Justice Hill, Streeksbemarkingsbestuurder van SA Brouerye, het die skenking tydens 'n geselligheid in Potchefstroom, aan die PU, namens die Maatskappy gedoen.

Op meegaande foto oorhandig mnr. Hill die bedrag aan prof. Nic Swart, Vise-Rektor van die PU vir CHO.

KRIEKET:

Die Oude Molen- en Studente-krieketklub van ouds het saamgesmelt en sal van dié nuwe seisoen af bekend staan as die PU-krieketklub. Vanjaar sal daar 3 spanne vir die PU speel, die eerste twee sal in die Premierliga kompeteer en die derde span in die Eersteliga. Daar sal ook georganiseerde koshuissligas plaasvind en die eerste netoefeninge begin op Vrydag 15 Augustus.

KOSHUISRUGBY:

Op Saterdag 9 Augustus is die volgende wedstryde in die Eersteliga gespeel: Caput (11) vs Amajuba (8); Overs (11) vs Dawie Dup (10); Klooster (4) vs Drakenstein (19); Villagers en Hombré het loslootjies gehad.

Op Saterdag 16 Augustus speel Overs en Amajuba onderskeidelik in die Wes-Transvaalliga teen Oos Driefontein.

WES-TRANSSVAAL RUGBY:

Op Saterdag 9 Augustus het die Wes-Transvaalse rugbyspan 'n oorwinning van 18-6 oor Griekwas behaal. Nege van die Wes-Transvaal spelers was Pukke sowel as die reserwe. Die skakelpaar Kobus van Wyk en George Moorcroft was van die uitblinkers. Kobus het met drie skepskoppe geslaag. Oud-Puk Jannie Tiedt het ook goed vertoon.

KORTSPORT

MUURBAL:

Op Saterdag 16 Augustus word 'n muurbaltoernooi vir belde die PU-mans- en damespanne op die PU-kampus gehou. Die eerstespanne van die PU kom teen spanne van Wes-Transvaal te staan, terwyl die tweede en derdespanne teen gekombineerde klubspanne sal speel. Die toernooi begin reeds om 19h00 en toeskouers is welkom.

Volgens mnr. Pieter Louw (Binnemuurse Sportorganiseerder) gaan muurbal volgende jaar geweldig uitbrei en baie meer aftrek kry as tans, as gevolg van die nuwe beplanning en begroting.

Dié spel sal aan die PU net so populêr (indien nie meer) word soos rugby. Daar sal beter georganiseerde koshuissligas wees met groot prysgelde daaraan verbode.

DAMESHOKKIE:

Op Saterdag 9 Augustus het die derde-span van die PU teen Strathvaal te staan gekom en met drie doele teen nul gewen. Marissa Nortjé en Rika Coetzee het hulself bewys as die twee gemotiveerdste speelsters op die veld. Die vierdespan van die PU het teen Villagers met 2-0 gewen. Ansie Venter in die doelwagtersposisie het haar goed van haar taak gekwyt en Ina Fourie het ook goeie spel gelewer.